www.tomcat.co.za [50249]

WENKE VIR OUERS

NPO 067 095 / PBO 930 034 181

1 MOET NIE 24 UUR WAG VOOR U 'N KIND AS VERMIS AANMELD NIE!

2 Hou altyd 'n onlangse foto van jou kind in jou beursie of op jou selfoon. In die geval van 'n noodgeval, is die foto dadelik beskikbaar.

3 Ken die name, adresse en nommers van al jou kind se vriende. Wees bedag op elke vriend wat jou kind maak en wend 'n daadwerklike poging aan om elkeen te leer ken.

4 Wees betrokke in jou kind se lewe. Bou 'n vertrouens-verhouding met jou kind, maar moet dit nie oordoen nie. Spandeer kwaliteit tyd met jou kind en maak jou huis 'n plek waarheen jou kind graag haar/sy maats wil bring. Op dié manier is jou kind meeste van die tyd reg onder jou neus, terwyl jou kind ook die vrymoedigheid sal hê om dinge met jou te deel.

5 Leer jou kind sy/haar eie naam, adres, sowel as jou naam en telefoon nommer.

6 Hou jou kinders (veral die kleintjies) naby die huis en leer jou kinders om nooit alleen te loop nie, maar altyd 'n maatjie saam te neem (ons noem dit die BUDDY sisteem). Moet ook nooit jou kind alleen winkel toe stuur nie.

7 Skaf identifikasie armbande met jou nommer op dit, of enige ander form van identifikasie aan.

8 Neem jou kinders na die naaste polisiestasie, hospitaal, en kliniek, en wys hulle hoe om daar te kom. Wys landmerke uit om te verhoed dat hy/sy vermis raak. Leer hom/haar om altyd dieselfde roete na en vanaf 'n plek te neem, op die manier, indien jou kind vermis raak, weet jy op watter roete daar eerste gesoek moet word.

9 Leer jou kinders om 'n geraas te maak wanneer hulle deur 'n vreemdeling genader word - leer hulle om te skree, of enige iets te doen om aandag te trek wanneer hulle in die moeilikheid is.

10 Indien jy jou kinders toelaat om Mxit of Facebook te gebruik, kry 'n manier om dit te monitor. Weet met wie jou kind praat, wys dat jy belangstel, vereenselwig jouself met die nuutste tegnologie, netwerke en spraak. Wees altyd een stappie voor.

11 Onthou die basiese reëls: leer jou kinders dat vreemdelinge nie vertrou kan word nie. Hulle mag nie geskenke van vreemdelinge aanvaar nie, en nog minder saam met vreemdelinge in 'n motor klim. Kry 'n KODE WOORD vir jou gesin. Wanneer 'n vreemdeling jou kind nader, kan jou kind die vreemdeling vra vir die KODE WOORD en indien die persoon dit nie ken nie, sal die kind weet om die persoon nie te vertrou nie.

LEER JOU KINDERS DIE VOLGENDE NOODNOMMERS:

POLISIE: 10111
MISSING CHILDREN SA : 072 MISSING (072 647 7464)
SELFOON HULP: 112
SAPD "STOP MISDAAD": 08600 10111
CHILDLINE: 08000 55 555
www.missingchildren.org.za

MISSING CHILDREN SOUTH AFRICA©